


# Week 3:
# Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (30 Augustus- 4 September 2026)

---

### AFSKOP VRAAG
Hierdie Sondag staan in ons kerkjaar bekend as Bybelsondag. Vertel vir mekaar waar het jy jou eerste Bybel ontvang? Hoeveel Bybels het jy? Watter vertaling lees jy graag? Het jy al ooit deelgeneem aan 'n Bybelverspreidings-inisiatief?

### GEBED
Vra vir iemand in die groep om Psalm 103 hardop te lees. Dit dien as openingsgebed vir julle bymekaarkoms

### SKRIFLESING
Matteus 5:7-8

### GESPREKSVRAE

1) Lees die week se teks vanuit 'n paar verskillende vertalings en vertel vir die groep wat vir jou uitstaan.

   *"Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien" (1983 vertaling)*
   *"Geseënd is dié wat suiwer van hart is, want hulle sal God sien" (2020 vertaling)*
   *"Gelukkig is dié wie se hart volkome op God gerig is, want hulle sal God sien" (NLV)*

2) Hoe verstaan jy die einde van vers 8, hulle sal vir God sien? Het jy al "vir God gesien"?
3) Reinheid van hart gaan oor 'n positiewe toewyding of oorgawe van ons ganse lewe aan die Here. Die Engelse woord wat dit die naaste beskryf is die woord "commitment". Reinheid van hart gaan oor 'n "commitment" aan die Here. Hoekom sukkel ons as mensdom so om "commited" te wees?
4) Die teenoorgestelde van 'n rein hart, is 'n hart wat verdeel is tussen 'n tiental sogenaamd belangrike sake. Dit is egter meer as net 'n vol program, maar 'n soort lewensingesteldheid. Hoe kan ons waak teen so lewensingesteldheid?
5) Kom barmhartigheid vir julle maklik of sukkel julle ook soms daarmee?

6) Gesels oor die gedagte: *As jy in God glo en jou vriende liefhet, dan is jy 'n godsdienstige mense; as jy in God glo en ook jou vyande lief het, dan eers is jy 'n Christen.*
7) Wie nie barmhartig wil wees nie, verstaan nie die hart van God nie. Christelike barmhartigheid is grens-lose barmhartigheid. Iemand het gesê dat ons sukkel om te kom by egte sorg aan ander omdat ons te besig is om vir onsself te probeer sorg. Dink jy dit is waar? Wat wil Matteus 6:330 ons in hierdie verband leer?

## AFSLUITING

Maak vir 'n oomblik jou oë toe en droom so bietjie oor barmhartigheid.

- Hoe sou jou eie lewe by die skool, by die huis, by die werk, ensovoorts, kon verander as jy en ander mense dit kon regkry om barmhartig te wees?

- Vra die Here om jou te help om 'n inventaris op te stel van mense se name aan wie jy barmhartigheid moet gaan bewys. Vra ook vir die Here name van mense van wie jy barmhartigheid moet gaan vra. Bid hieroor en vra dat die Here jou sal vrymaak om te vergewe en ook om vergifnis te ontvang.